Prentjies vertoon nie?
Regs-kliek in een van die blokkies sodat die prentjies kan aflaai.

Beste Wapadranter

Kommunikasie

eNuus via WhatsApp

Jy kan al die gemeentenuus via WhatsApp ontvang. Besigtig die eNuus op jou slimfoon en druk op die knoppie hieronder om aan te sluit by die groep.

Sluit aan by die groep

eNuus in kort

Kliek op die video of volg die skakel: https://youtu.be/jW_8oXJhC0s

Wat gebeur by Wapadrant?

Sondag 23 Februarie 2025

- Daar is Sondag twee eredienste: 08:30 en 10:00.
- Beide eredienste word gelei deur dr Rassie Smit en ons vier nagmaal saam.
- Die liefdegawe word as volg verdeel:

Algemeen:

- Dr Peet Vermeulen se siekverlof is verleng tot 10 Maart 2025.
- Ds Marcel Floor is in Australië van 22 Februarie tot 8 Maart as deel van die Deputate Kerkgroei.

Finansies:

Die Finansiële Diensgroep het Sondag 16 Februarie terugvoer gegee oor die gemeente se finansies. Dié verslag is ook hier beskikbaar.

Finansiële Verslag

Preekstoel opname

Die Kerkraad het versoeke ontvang om die verhoog area te vergroot en om meer plek te maak vir funksies. Een van die opsies is om die bestaande preekstoel te verklein of te verwyder. Ons hoor graag wat lidmate se opinie is en sal dan dienooreenkomstig 'n kosteberekening doen.

Voltooi asb. die opname. Kliek op die knoppie hier onder.

Voltooi die vraelys

KwartKrant

Die opstel van die gemeente se kwartaalblad, is gestaak aangesien daar te min lidmate is wat dit lees. Al die lekker-lees-terugvoer oor gemeente aktiwiteite, sal voortaan deel vorm van die eNuus. Hou dus hierdie spasie dop!

Alle advertensies wat geplaas is in die KwartKrant, is voortaan in die Lidmaat Netwerk beskikbaar. (Sien heel onder aan die eNuus en kliek op die “knoppie” om die Lidmaat Netwerk te besoek).

Lidmate kan hul produkte en dienste gratis adverteer. Buite-instansies kan ‘n advertensie plaas teen die totale koste van R20 (geldig vir 3 maande).

Die grootte van elke bladsy op die blad is 1024 x 769px. Dit is so groot soos ’n 4:3 Powerpoint slide. Stuur jou advertensie (in .jpg of .png formaat) aan die kerkkantoor by media@gkwapadrant.co.za.

Wapadrant Bid Saam

Ons vra voorbidding vir:

- Engela le Roux wie se kleinseun sy aardse wedloop voltooi het.
- Elra van der Walt wat Maandag ‘n heupvervanging ondergaan het.
- Marietjie Visagie wat in die intensiewe eenheid opgeneem is.

Gebed vir die week:

Versoek om by die gebedsgroep aan te sluit

Wat gebeur by Wapadrant?

Uitreikbediening

Burundi Sending maak graag bekend:

Sunrise Traumasentrum opleiding:

Stadbouers:

Opheffing en werkskepping:

Die opheffingsprojek in samewerking met GK Silverton gaan steeds voort. Manne wat graag hul houtwerk- of sweisvaardighede wil oordra, kan kontak maak met Pauline by 082 331 6376.

Groente-projek:

Wag geduldig vir die boontjieplantjies om te groei. Hou die grond klam, maar moenie te veel water toedien nie. Hierdie boontjies vorm 'n bos en benodig nie ondersteuning vir rank nie.

Kontak Ilda van der Merwe by 083 406 0722 indien jy enige vrae het.

Te koop

Die kiaat-kas wat in die konsistorie was, word nou te koop aangebied. Jy kan dit in die saal besigtig en ‘n billike aanbod maak. Die kas het wel waterskade aan die agterkant (aan die onderkant) opgedoen oor die jare, maar die voor- en bokant is nog in ‘n puik toestand. Kontak die kerkkantoor by 012 9911395.

Meer oor eredienste

PREEKROOSTER 2025

DATUM	IDIOOM	TYD	PREDIKER
23 Februarie (Nagmaal)	Kontemporêr Klassiek	08:30 10:00	Rassie Smit
2 Maart (Doop)	Kontemporêr Klassiek	08:30 10:00	Rassie Smit
9 Maart	Kontemporêr Klassiek	08:30 10:00	Rassie Smit
16 Maart	Kontemporêr Klassiek	08:30 10:00	Marcel Floor

EREDIENSTYE
Tydens skoolkwartale is daar 'n erediens om 08:30 sowel as 'n erediens om 10:00. Gedurende skoolvakansies en langnaweke is daar een gesamentlike erediens om 08:30

IDIOOM
Die Kontemporêre erediens is meer modern en sluit 'n verskeidenheid van instrumente in. Die Klassieke erediens is meer tradisioneel en sluit hoofsaaklik die orrel en ander klassieke instrumente in.

REGSTREEKSE UITSENDING
Tans word slegs die 08:30 erediens regstreeks vir Facebook en Youtube uitgesaai.

Volg eredienste via Youtube

Volg eredienste via Facebook

‘n Hart van gee

‘n Gemeente het finansies nodig om te funksioneer. Indien jy nog nie uit dankbaarheid finansies afstaan aan die gemeente nie, is hier nou nog ‘n kans. Gebruik die SnapScan-funksie of QR-kode wat in kerkbanke aangebring en gee so ook jou donasie.

Die verwysing is baie belangrik:

- As jou bedoeling is dat dit vir liefdegawe / kollekte geallokeer moet word, moet die verwysing asb. “Liefdegawe” of “Kollekte” wees.
- Indien jy jou naam as verwysing gebruik, word dit beskou as ‘n “Kerkkas” bydrae.
- Merk die verwysing daarop asb. as “Donasie” of “Bydrae” met jou naam daarby.
- Jy mag ook anoniem bly.

Ondersteun mekaar

Benodig jy ‘n produk of diens? Besoek die Lidmaat Netwerk om te kyk wat ander bied. Kom ons ondersteun mekaar en bou sò aan ons stad.

Lidmate kan advertensies gratis plaas. Stuur ‘n epos met besonderhede aan media@gkwapadrant.co.za.

LidmaatNetwerk

Het jy van adres verander of is jy nie meer ‘n lidmaat van Wapadrant nie?
Kontak die kerkkantoor